# Gesinslewe aan die Kaap in die Vroeë Jare

deur

DR. C. W. HUDSON

ONS vroeë geskiedenis is vir die Afrikaner van die allergrootste betekenis, veral in die volkskundige sin, omdat soveel wat die Afrikaner se kultuur vandag kenmerk en 'n eie identiteit gee, reeds in die 18e eeu na vore getree het. Die eie-aard van die Afrikaner is vroeg op linguistieke gebied vasgelê en in die negentiende eeu gekonsolideer. Interessant is die vroeë sosiale geskiedenis van die Afrikaner.

In die Kapenaar se gesinslewe het daar bepaalde gewoontes in die 17e en 18e eeu ontstaan. Families was besonder groot en geheg aan mekaar, en het dikwels lang, vermoeiende afstande afgereis om by mekaar te gaan kuier. Soms het boere uit die afgeleë distrikte met swaarbelaaide waens vir weke by familie in die omgewing van Kaapstad gaan kuier. Saam met hierdie familiegehegtheid gaan gepaard 'n soort familietrots. Dit was 'n algemene verskynsel dat die hele familie ten minste een keer per jaar bymekaarkom.

Verjaardae van mense wat 'n besonder hoë ouderdom bereik het, is op feestelike wyse deur familielede en vriende gevier. Selfs in daardie dae toe die bevolking nog dun verspreid was, het tagtig tot 'n honderd mense so 'n verjaardagfees bygewoon.(1) Sodanige byeenkomste was gesellig en plesierig, en het familiebande en vriendskap verstewig. Die Kapenaar se familiebewussyn was besonder sterk ontwikkel in daardie tyd.

Daar was egter ook tyd vir die medemens in daardie dae. Arm mense was daar aan die Kaap wel, maar geen bedelaars nie. Die groep se strewe om sy familielewe kerngesond te hou, blyk uit die feit dat weeskinders altyd deur gegoede families of deur familielede aangeneem en grootgemaak is.(2) Hulle het deel van die huisgesin geword, en is dikwels as erfgename aangewys. Behoeftiges het van ander genoeg ontvang om van te lewe.

Geen wonder dat Theal die volgende bewering gemaak het nie: „Thus the rule of the Dutch East India Company had brought into existence in South Africa a people to a large extent distinct from all others, with a language and habits, and ideas of their own."(3) Hy voeg daaraan toe: „These South Africans were strongly attached to their customs."(4)

Teen die jaar 1800 was die Afrikaner se volksgevoel reeds 'n voldonge feit. Omdat die grootste gedeelte van die agtiende eeu betreklik rustig verloop het,

(1) G. M. Theal: History of South Africa, III, 372.
(2) (3) (4) T.A.P. en verder.

kon 'n eie kultuur opgebou word, en die Afrikaner se sedes en gebruike kon stewig gevestig raak.

In dié tyd was daar weinig ongehude vrouens aan die Kaap. Die huwelik was 'n gewilde staat. Gesinne was groot: baie ouerpare het tien of meer kinders gehad.[5] Verder het die sedelike lewe op 'n baie hoë vlak gestaan, veral onder die boerebevolking.[6] Daar was 'n byna bewuste strewe om die voorbeeld van die voorouers voort te sit.[7] Moontlik het die gesonde lewe aan die Kaap tot die mooi gesinslewe bygedra.[8]

In die gesin is groot eerbied aan alle meerderes betoon. Dit was die gewoonte om altyd met die hand te groet, en die hoed moes by die groet vir oud en jonk gelig word. Alle bejaarde persone, bekend of onbekend, moes gegroet word wanneer hulle teëgekom word, en wel deur die hoed te lig as dit in die verbygaan gebeur.[9] Vir die huisvader en huismoeder, en vir die predikant is die grootste eerbied betoon. Ook teenoor die owerheid is lojaliteit ingeboesem: dit was die gewoonte om 'n buiging in die rigting van die goewerneur se woning te maak as mens by die „kat" teen etenstyd verbyloop.[10]

Oor die Kapenaars, en veral die boere op die platteland se gasvryheid is daar reeds baie vroeg met lof gepraat. 'n Reisiger uit die jaar 1700 het dit so opvallend gevind dat hy daarvan in sy dagboek melding maak.[11]

Volgens stamlandse gewoontes is byname aan familielede met eenderse name gegee ten einde hulle van mekaar te onderskei — 'n volksgewoonte wat vandag nog interessante name oplewer. Ene Simon Janssen is Simon in 't Velt genoem om hom van ander met dergelike naam te onderskei.[12]

Teen die einde van die agtiende eeu het 'n reisiger ondervind dat die kinders hulle ouers besonder respekvol aanspreek, en met eerbied teenoor hulle optree.[13] Dit toon die sterk patriargale inslag van die gesinslewe van destyds, veral van die boerehuisgesin. Broers sou miskien nog met mekaar rusie maak, maar hulle het gesorg dat daar geen onenigheid voor hulle ouers is nie. Die vyfde gebod is prakties uitgelewe. Verder het ouers gesorg dat hulle nie kant kies in die geskille tussen hulle kinders nie, want hulle wou nie voorgee dat hulle die een bo die ander begunstig nie.

Die gesinslewe van die Afrikaner in die agtiende eeu lewer bewys van die welige groei van sodanige vasgewortelde volksede. Daardie hoogtepunt is bereik omdat die „volksiel" in die volkslewe gestalte gekry het, en as daar 'n les te haal is uit die mooie uit die verlede, dan is dit sekerlik daardie hoë sedelike (in wyer sin) gesinslewe van ons voorgeslagte.

(5) Ibid.
(6) O. F. Mentzel: Description of the Cape, V.R.V. 25, 104.
(7) Fryke en Schweitzer: A Relation of two Voyages Made into the East Indies, Londen, 1700 — 209 tot 214.
(8) W. Schouten: Reistochten naar Oost Indiën, 180.
(9) C. G. Botha: Social Life in the Cape Colony in the 18th Century, Juta en Kie., Kaapstad, 1926-44.
(10) J. H. v. d. Boer: Schetsen uit het Kaapsche Leven. 77.
(11) Fryke en Schweitzer: A Relation, 17, 19.
(12) Theal: History of South Africa, 111, 94.
(13) H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa, V.R.V. 1 en 2, 43.